



Die Goddelike attestaat van Jesus Christus word deur die mense afgekeur

Teks vir die preek:

“Die steen wat die bouers verwerp het, het ’n hoeksteen geword...”

Psalm 118:22

B Smit

© by skrywer - 2011
www.christelikebiblioteek.co.za

Liturgie

1. Votum en seëngroet
2. Sing Psalm 113:1,2,3
3. Wetslesing
4. Sing Psalm 19:4-5
5. Gebed
6. Skriflesing en teks: Psalm 118 en Markus 11:1-11
7. Preek
8. Sing Psalm 118:1-2
9. Gebed
10. Kollekte
11. Sing Psalm 118:3,7,8
12. Seën

Broeders en susters in ons Here, Jesus Christus,

Met die aanbreek van Aprilmaand en Paastyd staan ons by die eerste van die jaarlikse feestye op die godsdienstige kalender.

In hierdie tyd word veral gesing uit die sogenaamde Paas-halel, of dan Lofsange van Paasfees, wat strek van Ps. 113 tot Ps. 118.

In die prediking word stilgestaan by die sogenaamde lydenstof, die geskiedenis van die kruisiging en die opstanding van Jesus Christus.

Ook hier plaaslik gaan ons vanoggend op hierdie stof konsentreer.

Vanoggend, vanuit Ps. 118 en Mark. 11, begin ons kyk na die ryk troos van hierdie Paastyd.

Troos vir ons as gelowiges geleë in die Goddelike getuienis of attestaat van Jesus Christus, ons Koning, wat deur die mense verwerp en afgekeur is.

- **Ons gaan eers daarop let dat attes, of kerklike getuienis, oor veel meer gaan as amptelike rompslomp deur die kerk;**
- **dan let ons op die Goddelike attes waarmee ons Koning na sy stad gekom het;**
- **en ten slotte gaan ons ook stilstaan by die troos vir ons in sy afgekeurde attes.**

Mag ons opnuut deur God se bemoeienis met ons in sy Seun opgeskerp word tot vaste geloof en opregte dank teenoor Hom.

In Ps. 118 gaan dit oor attestasie.

Dit wat ons ken as die amptelike verklaring of getuienis oor 'n lidmaat se geloof.

'n Getuigskrif waarin geantwoord word op die vraag of hy of sy deel het aan die geloofsgemeenskap.

In die praktyk word hierdie attes of getuienis dikwels veruiterlik tot 'n briefie wat gelyke waarde het aan die bewys dat iemand se naam op die kerk se boeke staan.

'n Amptelike stuk papier, deur en vir die kerklike amptenary.

Tog is 'n attestaat 'n heerlike geestelike dokument.

Dit is getuienis deur ampsdraers wat optree in die Naam van die Here.

Hulle getuig in sy Naam, met die middele wat Hy tot hulle beskikking stel, oor jou geloof.

Daarom bestaan 'n attestaat eintlik net in die Naam van die Here.

Dis Hy wat getuig oor ons geloof en Hy doen dit deur middel van hulle wat Hy daartoe geroep en bekwaam gemaak het.

Dis dan ook in hierdie lig wat Jesus sê dat ons in sy Naam tot die Vader moet bid, want dan sal die Vader ons verhoor.

Wie homself by die Vader aanmeld met die Naam en in die Naam van Christus, word deur die Vader verwelkom en verhoor.

So is dit ook met 'n attestaat.

Hoe anders as met so getuigskrif, wat deur die Here Self gegee is, kan jy saam aansit aan sy tafel?

Attestate en attesting sit daarom in die hart van ons kerklike lewe en daardie sake wat ons dikwels so besig hou.

Dit lê aan die grond van

- die sleutels van die hemelryk;
- die vraag oor die ware en die valse kerk;
- prediking en uitverkiesing;
- hemel en hel.

In Ps. 118 word daar ook gehandel oor Goddelike attestasie.

Dit gaan hier oor die attes waarmee Jesus na Jerusalem, die stad van God, op weg was. Die attes waaroor daar gesing en gejubel word in ons teksverse.

“En die wat voor geloop en die wat gevolg het, het uitgeroep en gesê: Hosanna! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here! Geseënd is die koninkryk wat kom in die Naam van die Here, die koninkryk van ons vader Dawid! Hosanna in die hoogste hemele!”

Om hierdie getuienis of attes van die pelgrims saam met Jesus te begryp, gaan ons eers kortliks stilstaan by die inhoud van Ps 118.

Die kern van hierdie Psalm is 'n oproep om in God te glo en op Hom te vertrou in die lig van die wonderbaarlike redding wat die volk en haar koning beleef het.

Die Psalm, wat waarskynlik geskryf is teen die agtergrond van die herstel en inwyding van die mure van Jerusalem in die tyd van Nehemia, getuig van die geweldige verdrukking wat die volk beleef het van vyande wat soos bye om hulle geswarm het.

Die redding wat hulle ontvang uit hierdie doodsomstandighede, was deur die hand van die Here.

Met sy genade en magtige wonders het Hy ingegryp en die lot van die koning en die volk verander.

In vers 10 tot 12 word dan ook beklemtoon dat die sleutel vir die oorwinning die Naam van die Here is.

Deur sy persoonlike betrokkenheid by die stryd van die koning, is daar 'n omkeer van sy omstandighede en die van die volk.

Wanneer die volk wat so verlos is uit hulle nood nou volgens die laaste deel van die Psalm (v. 19 –28) voor die poorte van die stad en die tempel staan en roep om toegang, is dit met die wete dat hulle wat verwerp was, deur God begenadig is.

Teen hierdie agtergrond moet vers 22 se uitsprake oor die veragte steen wat 'n hoeksteen geword het, ook verstaan word.

Die volke rondom, die Samaritane, die Arabiere, die Ammoniete en die Asdodiete het geen agting, geen plek in hulle planne gehad vir die volk nie en hulle daarom summier afgeskryf en verwerp.

God het egter 'n heel besondere plan vir die volk gehad.

Die volk maak Hy tot sleutel in die ontvouing van sy raadsplan.

Hy lê die verwerpte steen neer as hoeksteen.

Met hierdie beeld word dan enersyds lig gewerp op die veragte plek van die volk en hulle koning en andersyds ook op die magsdaad waarmee God ingegryp het en hulle omstandighede verander het.

En dit maak die woorde so uitnemend van toepassing op Jesus Self.

Soos die volk was ook Hy 'n verwerpte en veragte steen, maar God het Hom gekies as Hoeksteen van sy kerk.

Dit is daarom met hierdie wete van God se genade wat die volk voor die poorte staan en roep om toegang.

Vir hulle het 'n nuwe dag aangebreek.

'n Dag deur God gemaak, waarop hulle moet jubel en hulle moet verbly.
En dit is in antwoord op hierdie geroep van die volk, dat die priesters dan die volk toelaat in die tempel.

Antwoord met die woorde:

“Hosanna, geseënd is hulle wat kom in die Naam van die Here!”

Hulle daarom wat hulle vertrou op Hom stel en aan Hom alleen die eer wil gee, kan binnegaan.

Hulle word toegelaat om hulle dank- en vreugde-offers te bring op die altaar.

Wanneer die skare wat Jesus op sy laaste tog na Jerusalem vergesel het, die stad in die oog kry, dan is dit met presies hierdie woorde van Psalm 118 wat hulle Hom begin toejuig. Trouens, hulle verklaar Psalm 118 se Hosanna's nog verder, deur Jesus se koms ook in verband te bring met die koms van die Koning uit die geslag van Dawid.

Hy kom dus nie maar net na die stad van God in die Naam van die Here nie.

By sy Goddelike attes moet Hy ook nog raakgesien word as die Koning uit Dawid se geslag wat op weg is na die Dawidstad.

Broeders en susters,

En nou is dit opvallend dat Jesus hierdie attestaat wat oor Hom gelewer word, hierdie feit van sy Goddelike sending en sy Koningskap nie probeer verhoed nie.

Inteendeel.

Pas het Hy self, op koninklike wyse, 'n vars rydier bekom.

Sonder om te argumenteer het die eienaars hulle eselsvul afgegee, want wanneer die Meester gebied, geskied sy wil.

Ook die rydier self wys op sy reg as Koning.

Hy is geen mede-gebruiker van 'n ander se rydier nie, maar het as Koning die eerste gebruiksreg.

Selfs die dissipels erken Hom as Koning deur hulle klere op die eselsvul te lê, terwyl ander palmtakke en klere oopgooi op die pad.

Dat Jesus dit alles toelaat, dui aan dat Hy as waardige hierdie Koningseer van sy volgelinge ontvang en aanvaar.

In vers 9 en 10 word hierdie eer ook hoorbaar, wanneer die pelgrims by Hom en die wat hulle tegemoet kom uit Jerusalem, hardop uitroep.

Die uitroepe is gerig op die stad.

Die inwoners van die stad moet self na buite kom en Hom eervol kom ontvang.

Meer nog.

Hulle moet in die tempel lof- en vreugde-offers gereed maak vir Hom wat kom as hulle Koning met 'n Goddelike getuigskrif.

Wat is egter die reaksie van Jerusalem?

Die Hosannas moet weerklink tot in die hoogste hemel, hoeveel te meer nie in Jerusalem nie.

In die stad is daar egter alles behalwe opgewondenheid oor Hom wat kom in die Naam van die Here.

Jesus gaan met sy binnekoms in Jerusalem dan ook dadelik na die tempel, maar daar is geen sprake van lof- of vreugde-offers wat gebring word vir God nie.

Al wat Hy in die tempel sien, is hoe daar handel gedryf word.

Trouens, daar is in Jerusalem nie eens vir Hom 'n slaaplek nie, want hy moet daardie aand saam met sy dissipels terugkeer na Betanië om weer daar te gaan oornag.

In plaas van opgewondenheid is daar eerder ergerlikheid by die godsdiensteleiers oor hierdie ophef wat Jesus se pelgrims van Hom gemaak het.

In die komende dae sou hierdie kilheid waarmee Jesus ontvang word in Jerusalem algaande groei en verander in brandende haat en woede.

Haat, namate die godsdiensteleiers hulle eie populariteit sien afneem, en woede, wanneer Hy hulle keer op keer in die tempel tereg wys en hulle skynheiligheid veroordeel.

Alles was dus nie klaar met die Hosanna's van sy mede-reisigers voor die poorte van Jerusalem nie.

Die Goddelike attes was nie vir die volk aanvaarbaar nie.

Jesus, die Koning wat God voorsien, sou ten spyte van hierdie attes binne enkele dae uit die stad uitgewerp word as 'n veroordeelde misdadiger.

En dan is hierdie uitwerping nie slegs deur die mense van Jerusalem nie.

Dit is God Self wat Hom sal verwerp.

Hy wat die attes ontvang het as die Regverdige, sal dan deur sy Vader die attes ontvang van 'n verdoemde.

Een wat nie geregtig is op enige toegang tot die Vader nie, vanweë die sonde.

Een wat verstoot is deur God en deur die sonde van mense die ewige duisternis moet binnegaan.

Broeders en susters,

En nou weet ons dat die rede vir hierdie verwerping daarin lê dat Hy deur God vir ons tot sonde gemaak is.

Ons slegte getuienis word op sy Naam geskryf en daardie getuienis word deur Hom en in Hom aan die kruis vasgespyker.

Dit word saam met Hom gedood en onttrag en verskeur.

Daarin is die troos van Paasfees vir ons geleë.

In die wete dat Hy vir ons wat in Hom begrepe is, 'n nuwe attes uitgeskryf het, toe Hy Paasoggend opgestaan het uit die dood.

Toe is daar immers in die openbaar oor Hom getuig dat Hy die Regverdige is en bly.

Die Een wat selfs in die angste van die hel bly vertrou het op die Naam van God.

In Hom is Ps. 118 vervul, want Hy is inderdaad die steen wat aan die dood prysgegee is, maar deur God uitgekies was.

Die Koning deur Wie se dood ons 'n nuwe attestaat verwerf.

Sy attes geld ook vir my!

Vir Homself as die Paaslam het Hy eintlik geen attes, geen verklaring, nodig gehad nie.

Hy kon net soos Hy was, sonder enige getuienis by die Vader ingaan.

Hy gaan egter voor sy Vader staan met ons getuienis.

En wat dan met Hom gebeur wanneer hulle Hom uitdryf en kruisig, gebeur met Hom as ons Borg, ons Verteenwoordiger.

Die attestaat wat Hy verwerf met die opstanding, die attes van welkom tuis in die huis van die Here, word dan ook ons getuienis.

Ons wat in Hom glo en deur geloof aan Hom verbind is.

Wanneer God hierdie getuienis aan Hom gee, kan Hy egter ook nie langer hier op aarde bly nie.

'n Attestaat word gegee om gebruik te word.

Daarom volg op sy opstanding die hemelvaart – die tuiskoms in die huis van sy Vader.

Die attes moet egter ook aan ons deurgegee word en dit gebeur met Pinkster.

Daarom, broeder en suster,

Hoor daarom die troos van hierdie Paastyd:

Die besluit oor jou attes, die getuienis oor jou, het saam met die besluit oor ons Koning, Jesus Christus, se getuienis geval op Paasfees.

Ons attes verkry ons egter sonder die slegte getuienis wat Hom van God vervreem het.

Ons getuienis is die wat Hy met sy dood en opstanding verwerf het:

In die Naam van die Here, maak wyd oop die poorte.

Hier is regverdiges wat wil ingaan en in die gemeenskap met God wil leef.

Hoor ook die antwoord wat weerklink vanuit die heiligdom van God:

- Hosanna! Geseënd is hy wat kom in die Naam van die Here!
- Geseënd is hulle wat in die grootste nood op God alleen vertrou!
- Geseënd is hulle wat deur die Here gered word in sy goedertierenheid!
- Geseënd is hulle wat ingemessel is in Hom, die Hoeksteen!
- Geseënd is elkeen wat in hierdie Paastyd opnuut die wonder van sy verlossingsdade ervaar!

Amen.